Ons leef in God se sorg, goddeloses bepaal nie ons lot nie

Ds. PJ Kriel 17.11.2024

Inhoud Hierdie preek wys hoe die magtiges met hulle vertoon van politieke, wetenskaplike en militêre mag jou jou lot binne hulle mag wil laat sien asof dit 'n natuurkrag is wat jou lot bepaal. Dit is die kulkuns van spirituele leiers – om jou lot in die mag van mense in die gode, die sterre, te moet raaksien. Daarenteen openbaar God dat alle skeppingskragte is in sy mag en Hy versorg ons self deur die uiterstes van snerpende koue en versengende hitte. Daarom kan gelowiges in wat ongelowiges as rampe sien die sorg van God sien. Gelowiges rig nooit hulle lewe in volgens die lot van magtiges se mag wat spirituele leiers ons kamstig in die natuur wys nie, maar volgens die wil van God wat hulle deur sy skepping versorg.

Skriflesing Psalm 147

Teks Ps. 147" 1 "Ja, dit is goed om ons God te besing, ja, dit is aangenaam – 'n loflied is gepas."

Tema Ons leef in God se sorg, goddeloses bepaal nie ons lot nie.

1.. Die Here het ons in hierdie week wat verby is reën gegee wat vir ons die belofte van 'n goeie oesjaar inhou. Dit het nie gereën nie. God het vir ons reën gegee. Dit is die danklied wat gepas is om God vanoggend mee te loof vir die reën. Hy bedek die hemele met wolke. Die wolke kom nie maar sommer net op nie. My maak reën met sy winde en seestrome gereed. Dit is nie maar net 'n weerpatroon wat verander nie. Hy laat die gras groei en gee vir alles wat lewe kos. Dit gaan nie maar net goed nie. Daarom bely ons saam met die Psalmskrywer – ons leef in God se sorg. Goddeloses bepaal nie ons lot nie.

. "'n Mens sien jou lot in die sterre!"

Dit was die kulkuns van die Babiloniese priesters en magtiges gewees. Die Israeliet was vir 70 jaar die slawe van die Babiloniërs na Nebukadneser Jerusalem verwoes en die Israeliete in ballingskap gevoer het na die gebied wat vandag as Irak bekend staan. Die goddelose Babiloniërs was sterrekykers gewees. Hulle het geglo hulle kan in die sterre jou toekoms sien, dit wat met jou gaan gebeur wat jy nie kan keer nie. En dan moet jy jou skik en inpas in die toekoms wat húlle vir jou sien. Jy moet skik volgens hulle visie en missie. Dit noem ons die noodlot. Jy moet jou lot in die sterre aanvaar en jou lewe daarvolgens inrig.

Hoekom die sterre jou toekoms wys is omdat hulle sterre as gode vereer het. Die spirituele leiers van die Babiloniese gemeenskap was die magtiges se kulkunstenaars gewees. Dit Psalmskrywer verbind hierdie lot in die sterre direk met die militêre magsvertoon van die Babiloniese en ander wêreld magte soos dit wys in die geloofsverklaring van die Psalmskrywer: "Dit is nie die krag van 'n perd, waaroor Hy Hom verheug nie, nie die bene van man, waarin Hy vreugde vind nie." Dit was hulle vertoon van soldate wat ons vandag ken as om met 'n hoogskop te marsjeer en die vertoon van tenks en missiele in 'n militêre parade.

Dit is die kulkuns van die spirituele leiers – mense sien in die vertoon van militêre slaankrag hulle lot. Wanneer jy hierdie magsvertoon sien, sien jy jou sterre. Al wat die spirituele leiers doen is om jou lot wat jy in die magsvertoon van leiers sien, te

verseël asof dit die wil van die gode in die sterre is dat jy jou lot binne die mag van die magtiges moet aanvaar. Dit is die kulkuns van magtige wêreldleiers en hulle spirituele woordvoerders – sien en aanvaar jou lot in hulle missies en visies van mag want dit wys kamstig in die sterre.

2. Dit is teenoor hierdie bygeloof oor menslike mag wat in sterre gesien word, dat die Psalmskrywer hierdie besondere geloofsbelydenis oor God maak: "Dit is Hy wat dié met gebroke harte genees, wat hulle wonde verbind; wat die getal van die sterre bepaal en aan hulle name gee. Ons Here is groot en geweldig sterk; aan sy insig is daar grens nie." (Ps. 147: 4, 5)

Hierdie geloofsbelydenis in God is ook die belydenis in twee ander Psalms "Hy het die maan gemaak vir feestye: die son weet wanneer hy moet ondergaan ... U laat die duisternis aanbreek en dit word nag, ... As die son opkom ... Mense gaan uit vir hul dagtaak, vir hulle werk tot die aand toe." Ps. 104 en in Ps. 136 word die son en maan genoem die ligte wat God gemaak het sodat die mens kan sien en werk.

Gelowiges sien nie in sterre, die natuur, hulle lot nie, maar hoe God mense versorg met son, maan en sterre as die vaste ritme van lig en donker wat dien as die vaste ritme van werk en rustyd vir mense. Dit is die eerste ritme in God se skepping wat elke baba geleer moet word: lig en donker, slaap en wakker wees.

Wat sien gelowiges in sterre?

Die mag en heerlikheid van God as ons Skepper en wat ons wie verwond is in die mag van goddeloses, genees met dieselfde krag waarmee Hy sterre maak en bestuur elkeen op sy eie naam. (Ps. 147: 3, 4) Hierdie was die geloofsinsig van die Here se kerk toe al die slim wetenskaplikes, politici en militêre leiers van Babilon mense se lot in die sterre gesien het.

Die grootheid van God se skepping, die sterrehemel, vervul gelowiges met ontsag vir en die hoop op God se troue liefde. (147: 11) God se troue liefde is die woord wat openbaar hoe God, die God van sy verbond met sy volk, sy kerk is. (Eseg. 36: 24 - ; Jer. 31: 31 -) Daarom stel ons ons vertroue in wat God met al sy skeppingskrag met ons in sy troue liefde doen. Ons verloor nooit ons hoop op God se troue liefde deur die lot wat goddeloses vir ons bepaal en sien in hul mag met hul spirituele kulkuns nie.

Daarom is sterre sommer net sterre, wind sommer net wind, reën sommer net reën, en sneeu en ryp sommer net sneeu en ryp. Alles God se skepping wat Hy laat beweeg op sy direkte bevele in sy troue liefde teenoor ons. (147: 15) Niks in die skepping is vir gelowiges goddelike kragte en magte wat jou lot bepaal nie.

Ons leef in die vreugde van God! (147: 12) Dit is God se vreugde om vir ons God te wees en met alles wat Hy gemaak het, ons te versorg. En God vind in ons vreugde waar ons hierdie ontsag en hoop vind in sy troue liefde – in sterre, die wind, reën sneeu, ryp en hael. (147: 16 – 18)

3. Die Psalmskrywer wys hoe God vir ons binne sy troue liefde sorg. In sy troue liefde maak Hy die sluitbalke van jou poorte sterk! "Dit is Hy wat jou grense veilig

stel.” Daarom is daar in jou grondgebied vrede, want God gee vaste veilige grense! (147:13) Die ou stede het ’n muur omgehad met ’n groot houthek. Hierdie hek is toegehou met ’n sluitbalk. So kon jy keer dat slegte mense, kwaadwillige mense, mense wat jou wil benadeel en kom roof en plunder, nie in jou stad inkom nie.

Só kon mense slegte mense uit hul gemeenskap en lewe uithou! God sorg vir ons deur ons mense en ’n gemeenskap te maak wat sterk sluitbalke in ons lewe het waarmee ons elkeen wat ons kwaad wil aandoen, misbruik en sommer net op ons lewe en ons goed wil beslag lê en vat, uit ons lewe kan uithou! So sorg God vir ons! Hy versterk ons om ‘n gemeenskap te wees wat nie aan kwaadwillige plunderaars uitgelewer is nie. Die enigste manier waarop daar vrede in ’n gebied kan wees, is waar daar grense is. Grense wat maak dat jy gesag kan uitoefen oor elkeen binne hierdie grense. God gee aan mense en gemeenskappe altyd vaste grense. So sorg God vir ons!

In  God se troue liefde seën Hy ons altyd. Hy verbind ons wonde en help ons in ons verdrukking. Seën beteken Hy is as God goed vir ons en Hy laat dit met ons in sy troue liefde goed gaan. Binne die skepping beteken dit alle goeie dinge gee en bewerk Hy vir ons en alle kwaad wat oor ons kom, gebruik die Here om vir ons goed te wees.

In sy troue liefde voed God ons. God gee vir ons kos deur reën, die groeikrag van die veld en die aanwas van diere. (147: 8, 9) .

Dit is hoe God vir ons sorg, met ’n lewe waar ons slegte mense uit ons lewe kan uitsluit, binne sterk grense ons gesag kan uitoefen terwyl Hy vir ons goed is – ons kan werk en die vruggebruik van ons werk geniet! So leef ons in die vreugde van God! God vir wie dit goed is om só vir ons God te wees.

Hoe bewerk God dit vir ons?

Deur alles wat Hy gemaak het wat dadelik op sy bevel reageer! Die ganse skepping reageer op God se direkte bevele op so ‘n wyse dat die skepping ‘n tuiste vir mense is. (147: 15) Niks in dit wat ons vandag “die natuur”  noem, is sommer net wetmatighede wat vanself gebeur soos dit gebeur nie. Alles beweeg en gebeur in die natuur, die skepping, op God se direkte bevele om sy skepping vir ons ‘n tuiste te maak. Daar is geen selfstandige natuurkrag buite die direkte opdragte van God nie. Daarom is daar geen noodlot of lot in die natuur vir mense opgesluit nie.

4. Die Psalmskrywer wys iets baie besonders oor hoe God in sy troue liefde ons versorg deur alles wat Hy gemaak het en op sy bevel reageer. Hy wys hoe God in dit wat mense as twee uiterstes beleef: onuithoudbare koue en ondraaglike hitte!

Mense sien hierdie ondraaglike uiterstes van sneeu en ryp teenoor die warm versengende hitte van woestyn winde en hael as skrikwekkende vernietigende magte en die woedende optrede van hul afgode teen hulle.

Maar die gelowige van Psalm 147 sien sneeu as wol, iets wat God maak wat sag en knus is, nie die vernietigende woede van God nie; ryp as as wat God uitstrooi, dit is

mooi wit en hael sien hy as broodkrummels wat God uitgooi, iets goeds vir sy skepping. (147: 15 -17)

Dan gee God bevel vir die warm woestynwind om te waai, en dit bring nie dood en ellende nie. Daarmee laat God al die sneeu, ys en hael vloeiende water word en vir alle diere, voëls en mense mee versorg met die groeikrag van die veld! Net soos Hy met wolke en reën doen in vers 8.

Goddeloses is bly oor reën, maar sien die kontraste in die skepping tussen snerpende koue en gloeiende hitte as straf, vyandskap en woede van afgode! Gelowiges sien in  alles wat goddeloses as vernietigende aardkragte sien, dieselfde sorg en liefde wat hulle in God se reën sien. Want hulle weet dat hulle in die troue liefde van God leef. Daarom sien hulle nie hul lot in vernietigende aardkragte en magte nie, maar in elke deel van die skepping God se troue liefde. Niks bepaal ons lot nie en ons rig ons lewe nie in volgens ons lot nie. Dit is vandag nog die geesteshouding van godlose natuurwetenskaplikes om mense in vrees vir een of ander kosmiese ramp bevange te maak – en so hulle lewe in te rig op die natuur as ‘n vyandige krag wat mense se lot bepaal.

Hoe leef ons in hierdie troue liefde van God?

Ons leef in en met die wysheid van sy wet in en vir ons lewe, ons rig ons lewe nie in volgens ons kamstige lot nie!  Dit word só gestel: “Hy maak sy woord aan Jakob bekend, sy voorskrifte en bepalings aan Israel. Dit het Hy vir geeneen van die ander nasies gedoen nie; hulle ken sy bepalings nie.” (verse 19 en 20)

God se wet is sy verbondsvoorskrifte en verbondsbepalings. Die verbond wat Hy ons in sy troue liefde insluit en laat leef ten spyte van ons eie sondigheid.

Binne God se troue liefde is sy wet nie voorwaardes en inperkings vir sy liefde, sorg en seën nie, en geen dreigemente en straf vir sonde nie. Vir ons is God se wet deel van sy sorg – Hy lei ons en gee ons deur sy wet die wysheid hoe om deur die vaste voorskrifte van sy wil instellings op te rig en te bedryf in die gemeenskap en deur verordeninge van sy wil ’n vredevolle gemeenskapsorde te skep.

5. God laat goddeloses nooit die wysheid van sy wet raaksien nie. Hulle sien net in sy wet wat hulle in die sterre en die mag en geweld van mense raaksien – voorwaardes vir jou lot en die strafmaatreëls as jou lot. Goddeloses sien in God se wet en die natuur net hul lot en hulle rig hul lewe in volgens die lot wat die magtiges het. Hulle leef nie met die geloof in God se liefdevolle trou en sorg volgens die wysheid van sy wet nie.

Om jou lewe in te rig volgens die lot wat die magtiges van hierdie wêreld vir jou verseël het, beteken jy moet jou poorte vir goddeloses oopgooi. Jy mag nie slegte en eiemagtige mense uit jou lewe en gemeenskap uithou met sterk selfbeskerming nie. Jy moet jou aan die mag van die magtiges oorgee en hulle jou lewe laat binnedring en oorneem as die wyse waarop jy jou lot onder hulle mag aanvaar.

Om volgens jou lot te leef beteken jy mag nie meer jou eie grense hê waarbinne jy met jou eie gesag vaste instellings en vaste ordes skep waarbinne jy leef nie. Jy

mag nie meer grense hê nie – die mag van die magtiges neem alle grense vir hul mag weg en maak alles en almal gelyk voor hulle mag, en jy moet dit as lot aanvaar en jou lewe voor hulle mag grensloos maak.

Om volgens jou lot te leef beteken jy moet die vloek van God in jou lewe aanvaar as jou lot. Dit is God wat vir jou sleg is en sleg wil wees, en daarom moet jy die geweld en mishandeling van goddeloses as jou lot aanvaar. Om volgens jou lot te leef beteken dat jy aanvaar dat jy die ellende wat goddeloses oor jou bring as God se wil in jou lewe aanvaar omdat God nie in jou ’n vreugde het nie. Daarom moet jy armoede en honger aanvaar as jou lot en jou lewe inrig sonder die strewe om selfversorgend te wees.

Dit is die mag waaraan Israel hulle oorgegee het in alles wat hulle in die sterre gesien het – en met hierdie geloof in die sterre is hulle deur goddeloses verstrooi, verdruk, gebreek en gewond, en het hulle dit as hul lot aanvaar.

Verlig die reënbuie wat ons nou in die droogtetyd kry ons lot of is God ons Skepper besig om ons in sy troue liefde te versorg? Wat sien ons in die sterre, die natuur? Wat sien ons wanneer u na die sterre, die son, die maan, die wind, die wolke, die ryp, die sneeu en hael kyk?

Sien ons ons lot of die sorg van God? Sien ons in God se wet die wysheid hoe om in sy troue liefde te leef of hoe God ons lot met sy wet verseël?

6. Godlose wetenskaplikes dink hulle spot en maak die kerk belaglik wanneer hulle oor die sonnestelsel en heelal praat. Met die natuur wil hulle wys ons aanbid net ’n selfopgemaakte god! Dit terwyl al die wetenskaplikes toe hierdie gelowige Psalmskrywer gesê het sterre is nie gode nie, die slimmes almal geglo het dit is gode – dit is nou die destydse wetenskaplikes!

En vandag! Vandag sê hulle jy moet in die sterre jou lot sien! Wanneer hulle na die natuur kyk is hulle nou so slim dat hulle sê jy moet jou lot volgens die natuurkragte en magte aanvaar en jou lewe volgens hierdie lot inrig. Daar is nie ’n God wat met sy skepping jou versorg in sy troue liefde nie. Jy is ‘n toevalligheid van natuurkragte en jou lot is in natuurkragte verseël.

Kulkuns! Wat maak dat jy jou lot aanvaar wanneer die wetenskaplike priesters jou jou lot in die sterre wys? Die mag en geweld van die magtiges met hulle wapens, hulle tegnologie, hulle wetenskap, hulle massas en hulle kernkrag!

Jy moet jou aan hulle mag en krag onderwerp wanneer jy na die natuur kyk wat nie meer die skepping is nie, en jou lot in die natuurkragte sien! Jy moet jouself oopstel, grensloos maak, jouself as deur God vervloek en gestraf sien en leef in die gebrek en ellende wat hulle oor jou bring as jou lot!

Ons kan nie! Ons kan nie na die sterre en die reën kyk en ons lot aanvaar of net voel ons lot in net ’n bietjie verlig nie. Ons sien die troue liefde van God wat ons met alles in sy skepping versorg, ook met die mees harde en teenstrydige skeppingskragte soos snerpende koues en versengende hitte. Deur alles maak hy water wat vloei en sorg Hy vir ons!

Ons leef in God se sorg, goddeloses bepaal nie ons lot nie

Kom ons lof Hom! Kom ons gee openbare erkenning en eer vir Hom vir wat ons in die skepping sien – alles waarmee hy ons deur sy troue liefde sal versorg. Kom ons gehoorsaam Hom in wat net ons in sy wet kan raaksien, nie goddeloses nie – voorskrifte en bepalings waarmee Hy ons binne sy liefde en die ritme van sy skepping laat leef.

Kom ons verwerp die kulkunstenaars wat ons na sterre wil laat kyk, na die natuur, en net ons lot wil laat raaksien – ons sien God se sorg in sy troue liefde en elke deel van sy skepping as kragte waarmee Hy ons sal versorg. Daarom sien ons, en nie die wetenskaplike heidene nie, die goedheid van die voorskrifte en bepalings van sy wet.

Ons leef volgens sy wet, nie volgens die lot wat hulle ons wys en met hulle kragte en magte ons aan wil onderwerp nie. Wanneer ons ho so vertrou en ons lewe volgens sy wil inrig sal Hy ons weer uit ons verstrooiing bymekaar maak, sal Hy ons gebrokenheid heelmaak, sal Hy ons wonde genees en die goddeloses verneder!

Kom ons loof die Here en verbind ons aan sy bepalings en voorskrifte. Kom ons kyk na die sterre en die wolke en die son en sien God se troue liefde.